Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# BThHons Praktiese Teologie (06246052)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 120 |

## Programinligting

Hierdie program wil aan die student wat daarvoor kwalifiseer die moontlikheid bied om in ’n spesifieke veld (of velde) van die Teologie en op ’n eerste nagraadse vlak gespesialiseerde kennis, vaardigheid en toegepaste kundigheid te verwerf.

Die BThHons word aan ’n student toegeken indien aan die volgende minimum studietydperk voldoen is: Een akademiese jaar nadat die kwalifikasie verwerf is op grond waarvan toelating tot die studie verkry is.

Sien ook Algemene Regulasie G.22.

## Toelatingsvereistes

(i) Die vak wat gekies word (behalwe in die geval van Teologiese Studies), sluit aan by ’n hoofvak in die voorafgaande graad, indien die leergangstruktuur vir hoofvakke voorsiening maak. Indien dit vanweë die eerste graad se struktuur nie moontlik is nie, moet die programbestuurder die vakkeuse goedkeur.

(ii) Hebreeus op 100-vlak, indien Ou-Testamentiese Wetenskap 731 gekies word.

(iii) Grieks op 100-vlak, indien Nuwe-Testamentiese Wetenskap 731 gekies word.

(iv) Kandidate wat die Diploma in Teologie sowel as die geakkrediteerde drie-jarige diplomas in Teologie (aangebied deur erkende privaat teologiese inrigtings), met ’n gemiddelde punt van ten minste 60% afgehandel het, mag aansoek doen. Toelating sal geskied op grond van assessering deur die departementshoof en op aanbeveling van die Dekaan met die goedkeuring van die Senaat.

(v) In buitengewone gevalle kan die Dekaan toegespitste fundamentele elemente goedkeur wat suksesvol afgehandel moet word alvorens toelating oorweeg sal word.

## Ander programspesifieke inligting

**Let wel:** Die bywonings- en selfstudiekomponent word in oorleg met die Departementshoof bepaal.

## Eksamens en slaagvereistes

**Eksamenregulasies van toepassing op honneursgrade in die fakulteit**
Behoudens uitsonderings wat die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof goedkeur, kan 'n student hom of haar nie meer as twee maal vir die honneurseksamen in dieselfde module aanmeld nie. 'n Persentasiepunt word toegeken met dien verstande dat minstens 50% as slaagpunt beskou word en minstens 75% as slaag met lof.

